# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 218
15 September 2023

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte - Bondsvergadering**
**- DS Strauss se vader sterf.**
**- Nuwe gemeente.**
**- Lewensbrood**

## REDAKSIONEEL

**Lot se vrou of Febe?**
Kyk jy terug of kyk jy vorentoe?

Ironies genoeg is die eerste relevante vraag in die een en twintigste eeu: Wat is ‘n vrou?
Polities korrekte mense kan hierdie vraag eenvoudig nie beantwoord nie, want hulle *wokeness* ('n aggressiewe, onverdraagsame verbintenis tot 'n eie siening van maatskaplike geregtigheid, gebaseer op identiteitsvoorskrifte en vals morele geregtigheid met die doel om 'gelykheid' van uitkomstes te verseker) pootjie hulle en hul antwoord sal bladsye beslaan.
‘n Basiese antwoord sou lui dat dit ‘n persoon met xx-chromosome is, wat kinders sou kon baar. Maar dit is ‘n eendimensionele antwoord. Vrouwees is soveel meer, dit het soveel dimensies. Die Bybelse benadering bring baie meer van vrouwees na vore. Eva is deur God geskep om 'n metgesel en helper vir Adam te wees. So meld koning Lemuel in Spreuke 31 ‘n hele paar eienskappe van ‘n deugsame vrou, maar word die vrou van vandag se waarde en dimensies slegs hiervolgens bepaal?
Die onlangse Bondsdamesbyeenkoms in Koster het die multidimensionaliteit van die vrou in taak en roeping uitgelig. Daar is met aansteeklike positiwiteit saamgesels, beplan, stories gedeel, hoop en moed geskep. Duidelik staan die vrou vandag steeds haar plek vol in verskeie dimensies.
Die tema vir hierdie jaar was Die pad vorentoe.
Wanneer ‘n mens vra oor die pad vorentoe, moet jy weet waar jy vandaan kom. Ons hoef egter nie terug te kyk en angsbevange in ons spore te stol soos Lot se vrou van ouds nie. Ons weet waar ons vandaan kom; ons is Koninkrykskinders, Verbondskinders; kinders van hierdie land.
Vanaf God se heel eerste belofte aan Eva (die Moederbelofte in Genesis 3:15) dwarsdeur die Ou Testament, Nuwe Testament, tot vandag, bly Hy steeds getrou. Dit is Hy wat ook ons voorouers in die konsentrasiekampe gedra het, wat ons deur talle lewensbedreigende situasies tot hier bewaar het en vorentoe sal bewaar; “ons uitgang en ons ingang sal Hy bewaar,” is die belofte van Psalm 121 in die ou 53-vertaling.
En ja, soos Hanna die teiken van Penina se spot was, is ons steeds vandag ‘n teiken omdat ons aan God en Sy beloftes verbind is.
Ons aanvaar nie sommer enige indoktrinasie nie. Ons word nie so maklik van ‘n saak oortuig nie. Ons volg nie die breë pad nie, maar eerder die “Road not taken” van Robert Frost, en o weë, dit pas

tog nie in die moderne gemeenskap waar almal gehoorsame eenderslykende slawe moet wees nie. Nee, ons is vegters, hardkoppig (dikwels tot ons eie nadeel). Ons is meestal konserwatief, ons volg die Here, nie regerings en hul voorskrifte nie. Ons is veral nie bereid om die knie onder ongelowiges te buig nie. Ons bly dus ‘n bedreiging vir die nuwe manier, hulle wat sê ons is almal dieselfde, ons glo dieselfde, ons godsdiens, geloof, kultuur is dieselfde…… Nee, ons glo in God die Vader, die Seun en die Heilige Gees, en dit is NIE gelyk aan voorvaderaanbidding nie. Ons volhard in gebed en onthou God se trou. Al ween ons dikwels oor ons kinders, weier ons om te konformeer en die nuwe wêreldorde aan te hang wat stel dat man en vrou dieselfde is. Ons is gelyk voor God, ja, maar dieselfde - nee. Punt. Ons verdra geen absurde LGBTQIA+ of reënboog-alfabet nie. Die reënboog is immers ‘n herinnering aan God wat in Sy groot genade die wêreld in stand hou juis nadat Hy alle losbandige lewe op aarde uitgeroei het. (Gen. 6-9)

So is tydens ons byeenkoms ook die Bela wet bekyk waarmee die ANC poog om hul politieke agenda die onderwys agenda te maak. Wanneer jy ‘n volk wil vernietig, begin by die huisgesin. Hiervan is die mees weerlose die kinders. Met die Bela-wet begin hul by ons kinders. Al raak dit die wat ouer is dalk nie direk nie, het ons as Verbondskinders en kinders van die land ‘n verantwoordelikheid teenoor ons nakomelinge.

Terugkyk kan jou lewe kos. Lot se vrou het omgekyk en sy het in 'n soutpilaar verander (Genesis 19:26) Febe het vorentoe gekyk (Romeine 16:1-2). Sy was toegewy aan haar roeping om God en Sy kerk te dien sonder kommer oor die toekoms.
Lot of Febe? Ons nie hooploos nie. Ons kyk vorentoe, toegewy aan ons roeping. Ons onthou Paulus se woorde: Swaarkry kweek volharding, volharding kweek egtheid van geloof, egtheid van geloof kweek hoop en die hoop beskaam nie.

Onthou Lot se vrou wat die aardse vas wou hou
Laat los, bly soos Febe op jou pos
Hou jou oog op Hom, waar jou krag vandaan kom.
God bly getrou, en jy, begenadigde vrou.

Yvette Otto September 2023

## BERIGTE BONDSVERGADERING

Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes(GHG) het hierdie jaar sy tiende bestaansjaar gevier met die Bondsvergadering te Koster. Al die afgevaardigdes van al die gemeentes het stigtelik en met groot toewyding en deeglikheid sake beredeneer en besluite geneem. Sodra die Bestuursvergadering die notule goedgekeur het, sal relevante besluite aan gemeentes gekommunikeer word.
Ds. Lewis Strauss (sy proefskrif is reeds aanvaar, hy word in Desember Doktor) het te midde van sy eie hartseer omstandighede, met groot waardigheid en bekwaamheid die vergadering gelei. Ds. Piet Viljoen het as visevoorsitter opgetree. Die skriba, ds. Frans Marais, was weer met toewyding op sy pos. Soos die leser kan aflei, het die dames van die Geloofsbond Maandag te Koster vergader en hulle werksaamhede verder gevoer.
Tong in die kies, maar tog ook sprekend van die ruime, smaakvolle ontvangs wat

ons ontvang het, het een predikant so rondom die kospotte tereg opgemerk dat die Hervormers eendag in die hemel in beheer van spyseniering sal wees. Die span van Koster is geen uitsondering nie. Dit sou naïef wees om te verwag dat daar nie vurige debat oor sake moet wees nie. In diepgang van denke en gesprek het die ampsdraers mekaar se standpunte getoets en aangevat. Elke besluit is uitgeskuif of in vrede met konsensus geneem. Die vergadering is in die regte ruimte en met die regte gesindheid gehou, nie in frustrasie en in die wandelgange soos ons ervaring in Babilon teen die einde was nie.

**DS Strauss se vader sterf.**

Ds. Lewis Strauss het Saterdagnag die hartseer tyding ontvang dat sy vader op ouderdom negentig afgesterf het. Hy het na oorweging en gesprek met sy moeder en sibbe besluit om voort te gaan met die leiding van die Bondsvergadering te Koster. Hy het Dinsdag tydens tee sy verskoning aangebied en die lang pad na Mosselbaai en begrafnis-afskeid aangepak. Ons dra hom en sy geliefdes in hulle rou op aan die Here.

Ons wil by hierdie geleentheid ook alle geliefdes in die geloof wat deur die afsterwe van 'n naasbestaande hartseer gelaat is, verseker van ons voorbidding en omgee. Kom ons staan mekaar in daad, woord en gedagte by.

**Nuwe gemeente.**

Die Bondsvergadering het met instemming en vreugde kennis geneem van die stigting van 'n nuwe gemeente in die Suid-Kaap: Hervormde Kerk Tuinroete lid van die Geloofsbond. Hulle het Premiermyn in kennis gestel: *Dit is ons as Kerkraad van die Hervormde Kerk Tuinroete se behoefte om u mee te deel dat die gemeente gestig is, met die wete dat God self Sy Kerk in stand hou. Die gemeente sal nou as 'n selfstandige gemeente bestaan, en nie meer as 'n buite-wyk van Premiermyn gemeente nie. Nogmaals ons dank aan u, die Kerkraad en Dr Otto vir jare se bystand en versorging*. Hulle het te kenne gegee dat hulle steeds die jaarlikse besoek en Nagmaal sal waardeer. Hulle het ook predikante uitgenooi om by hulle te kom preek. By die geleentheid het ds. Eckard gepreek. Tydens die stigting is twee ouderlinge en 'n diaken verkies. Hulle het besluit om ds. Rita van Antwerpen te beroep. Baie geluk aan haar en sterkte met die besluit wat geneem moet word. Die Bondsvergadering het eenstemmig besluit om aan die gemeente akkreditasie te verleen.

## LEWENSBROOD 2024/25

Die redaksie span is besig om die dagstukkies te lees en taalkundig te versorg. Ons wil nou reeds ons dank aan predikante oordra vir netjiese, gehalte oordenkings wat ingedien is.

**Lewensbrood 2024 sal teen November 2023 beskikbaar wees**. Plaas nou reeds u bestellings by u plaaslike gemeente. Gelowiges van buite die GHG wat jaarliks die Lewensbrood ontvang, moet met Ella kontak maak by ella@geloofsbond.org.za.

Met ons drukkers wat onderhandel het met die verskaffers, kan ons hierdie jaar die LEWENSBROOD **TEEN DIESELFDE PRYS AS VERLEDE JAAR BESKIKBAAR STEL. Net R150** per eksemplaar. Kyk ook na advertensie aan einde van Koersvas. BESTEL BETYDS!

## KENNISGEWINGS

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke

Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

**FINANSIERING**

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuig finansiering en veilige beleggings.

**Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**

# Lewensbrood 2024

Dagboek met oordenkings vir elke dag

***R150-00 per Boek • Posgeld uitgesluit***

Bestellings moet by u gemeente geplaas word.
Indien u nie in 'n Bondsgemeente is nie kan bestellings by *Ella Joubert per WhatsApp 082 564 1915 of per e-pos: ella@geloofsbond.org.za* bestel word.

Sluitingsdatum vir bestellings is 22 Oktober 2023

**Oranjekas Spaar en Krediet Koöperatief Beperk**
Reg. 2009/003378/24

ORANJEKAS

Belê 'n enkelbedrag (tot 10,25% rente per jaar) of open 'n spaarrekening en verdien rente vanaf die eerste sent. (Belastingvrye perke soos deur SARS bepaal, is van toepassing). Bykomende 0,25% vir kerke, gemeentes en volks-instansies.

Kom word deel van die grootste geregistreerde CFI (Co-operative Financial Institution) in SA. Oranjekas is in proses van verdere finansiële lisensies en produkte. Kom help bou en word deel van u eie finansiële reus, waar u tuis sal voel.

Kasfin Edms Bpk is Oranjekas se filiaal wat aan ons lede, lewens- en korttermyn-versekeringsdienste asook testamente lewer.

Oranjekas word gereguleer deur die SARB (SA Reserwebank) , Die NCR (National Credit Regulator) en Kasfin word gereguleer deur die FSCA (Financial Services Conduct Authority). Terme en Voorwaardes geld. Individuele lenings en beleggingskontrakte vervat alle voorwaardes en terme van individuele transaksies.

**Breek weg na finansiële vryheid! Kontak ons vandag nog:**
☏ 012 754 5454
kontak@oranjekas.co.za